*Donderdag* **13 November**

**Skrifgedeelte: Romeine 5:1-11 (AFR2020)**
**Fokusgedeelte: Romeine 5:1**

**Ons het vrede by God**

Die evangelie dat God mense deur die geloof in Christus regverdig verklaar, het Paulus nie self uitgedink nie. Dit is dieselfde evangelie wat God reeds in die Ou Testament in die dae van Abraham geopenbaar het. Abraham het die Here en sy beloftes geglo en God het Abraham regverdig verklaar. Selfs Dawid het van hierdie regverdiging deur die geloof getuig in onder andere Psalm 32. Wanneer God 'n mens regverdig verklaar, is daar niks meer wat die mens moet doen om verlos te wees nie. Christus het so 'n mens volkome verlos.

In die fokusgedeelte moet ons oplet na 'n voordeel wat die Heilige Gees vir ons noem: *"Omdat ons dan nou op grond van geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus"* (Rom. 5:1). Die voordeel wat genoem word, is die vrede by God. Vrede by God is nie dieselfde as die vrede van God waarvan ons in Filippense 4:7 lees nie. Wanneer jy al jou sorge in gebed na die Here bring, skryf Paulus dat die vrede van God oor 'n mens sal wees. Daardie vrede is die rustigheid en kalmte dat jou omstandighede en probleme veilig in die hand van die Here is en Hy daarvan sal werk maak deur wysheid aan ons te skenk om met elkeen van die probleme te werk te gaan.

Om vrede by God te hê, kom daarop neer dat die vyandskap wat tussen die Here en die mens was, uit die weg geruim is en daar nou vrede heers. Dit beteken daar is niks meer in jou of aan jou waaroor die Here jou sal veroordeel nie. Dit is nie omdat die gelowige ewe skielik honderd persent gehoorsaam is aan die Here of omdat hy die Here volmaak liefhet nie. Let op hoe die gelowige vrede by God het: *"deur ons Here Jesus Christus"*.

Dit is op grond van die volmaakte gehoorsaamheid van Christus aan sy Vader; Jesus Christus het sy Vader se wil volmaak uitgevoer. Hy was gehoorsaam aan sy Vader tot in die dood aan die kruis. Deur sy dood aan die kruis het Christus die oordeel van God oor die sonde gedra in die plek van die gelowige. Omdat Christus die straf op die sonde volkome gedra het, is daar nou niks meer waaroor God die gelowige sal veroordeel nie.

Vir ons, as gelowiges, om hierdie vrede tussen God en ons te geniet, is dit nodig dat ons ons toevlug aanhoudend tot Christus moet neem. Die Heilige Gees het vir ons nog dele in ons lewens gewys waar ons die Here nog nie heeltemal gehoorsaam nie. Ons het ook dinge ontdek wat heeltemal verkeerd is. Hierdie dinge het ons met diepe berou voor God bely en ons glo die vaste belofte dat Christus se dood ook vir daardie sondes van ons klaar betaal het. Daarom mag ons weet dat die vrede tussen God en ons 'n werklikheid is. Daar is nou vrede tussen ons en God, ons mag vasstaan in die genade wat Christus vir ons verdien het, met die heerlike vooruitsig dat ons God en Christus sal sien en in God se heerlikheid deel.

*Sing: Psalm 85-1:3, 4*

*Ds. P (Pierre) Cilliers (Daniëlskuil/Duineveld)*